

Die Wapad

SAWA Oos-Kaap



Ek is tot alles in staat deur Hom
wat my krag gee. Filp: 4:13



Keurbooms Lagoon
Plettenbergbaai.

Gamtoos Ferry



Noorspoort Steytlerville

INHOUDSOPGAWE



UIT DIE WOORD.....	3
VOORSITTERS VERSLAG.....	4
REDAKTEURS BRIEF.....	5
LIEF EN LEED & PEARSONS PARK KAMPVERSLAG.....	6
WOONWA VEILIGHEID.....	7
STEYTLERVILLE NOORSPOORT KAMPVERSLAG.....	8 & 9
DIE BOSKAMP.....	10
KEURBOOMS LAGOON KAMPVERSLAG	11—12
LEDE INDELING.....	13
HOE GEMAAK AS DIE HUWELIK DIT NIE MEER VIR JOU DOEN NIE.....	14 & 15
GAMTOOS FERRY KAMPVERSLAG.....	16 & 17
VERJAARSDAE.....	18
JAAR PROGRAM.....	19
SAWA STREEF DAARNA & EREKODE.....	20

Tensy anders vermeld word daar ook van die Internet en Facebook gebruik gemaak vir inligting

Uit die woord

Die lewe het nie 'n "rewind"-knoppie nie!

"Jy mag maar jou koffie slurp of in jou piering gooi.
Jy mag met vuil voete uit die komposhoop oor ons wit mat loop.
Jy mag jou naels byt, vals sing, swak groente huis toe bring,
Die badkamer omkrap, die Nat vloer opdroog met my waslap...
Jy mag maar snags hard snork, oor koue voete brom... As jy net terug kan kom"

So lees Hester Heese se bekende gedig. Ja, hoeveel van ons het al gewens dat die lewe 'n "rewind" knoppie het. Dat ons kans kan kry om óór te leef: Om terug te gaan op ons spore en dinge ánders te doen. Dan kon ons dalk meer begrip toon, meer geduld hê en met groter deernis optree. Ons kon Dan meer aanvaar, minder kritiseer, meer luister, minder praat, meer omgee en minder ongenaakbaar wees... Dan kon ons lewens spel oor speel, beter verhoudings bou en meer liefhê.

Maar nou weet ons: die lewe is toe nié 'n kleedrepetisie nie. Ons is nou reeds besig met die finale verhoogstuk van ons lewens. Dis 'n wakker-skrik-gedagte wanneer ons besef dat ons ook in ons verhoudingslewe besig is met die finale spel. En vir ons almal is gister vir altyd verby... En môre ons dalk nie beskore nie. Tóg het vandag! Hierdie dag is aan ons gegee sodat ons positiewe deposito's kan maak in die lewens van hulle wat aan ons geleen is. Daarom kan ons kies om - ongeag al ons onperfekte gisters - 'n groter rol in die liefde tussen mense te speel. Ons kan dit doen deur:


- * Minder te veroordeel en ander met groter onvoorwaardelikheid te aanvaar. Ja, ons kan dit doen deur lief te wees vir die ander vir wie en wat hulle ís. Nie vir wat ons nog van hulle wil máák nie;
- * Minder krities te wees oor die kléin, onbelangrike dingetjies en meer ingestel te wees op die groot dinge wat wél reg, goed en bewonderenswaardig is;
- * Minder selfsugtig en selfgesentreerd te wees en ander se belange hoër as ons eie te stel;
- * Minder geïrriteerd en ongeduldig te wees en te bid vir 'n hart vol sagmoedigheid, nederigheid en geduld; en
- * Minder humeurig, opvlieënd en haatdraend te wees omdat ons diep onder die besef is van God se sagte liefde en onverdiende genade in óns lewens.

Onthou Albert Einstein se woorde dat nie alles wat getel kan word, Tel nie. En nie alles wat Tel, getel kan word nie. Gaan leef die maand vir die dinge wat regtig Tel...

Ingestuur deur Michelle Blignaut

DIE VOORSITTER Sê...

Die SAWA jaar is amper verby. Die Gebiedskamp te Keurbooms was weereens 'n wenner. Alhoewel dit af en toe gereën het, was die weer eintlik nie so sleg nie. Ons het lekker saam met die ander streke gekamp. Die Pearson Park kamp was ook een van die lekker kampe waar daar maar min mense kom kamp het. Die lede wat dit wel bygewoon het, het dit almal baie geniet. Baie dankie aan almal wat so gereeld kampe bywoon.



Tyd vir die AJV is besig om vinnig nader te snel. Oom Tjaart het hard beplan aan die toer wat voorlê. Dit klink of dit 'n baie lekker toer gaan wees. Die vertroue in Oom Tjaart se vermoë om 'n toer te reël is so groot dat niemand eens weet waarheen hulle rêrig toer nie. Blykbaar iewers in die Oos-Kaap. Julle moet dit almal geniet en dink aan ons wat dit nie kan meemaak nie. Na die toer is dit nog net die Sitrusoewer / Addo kamp wat oorbly. Richard se groep is reg vir die rivier en Johan sê sy groep vir Addo het klaar hulle gelde betaal.

Die bestuur is ook al hard aan die beplanning vir die AJV. Daar is drie lede wat aangedui het hulle gaan nie hulself weer beskikbaar stel vir die bestuur vir die volgende termyn nie. Lede hoef werklik nie bang te wees om hulself beskikbaar te stel vir bestuur nie. As jy al tieners gehad het, sal jy vinnig verstaan dat die bestuur net soos 'n ma en pa is wat na al die gekla en gekerm moet luister van hulle kinders: "Hy het al weer dit gedoen en sy het al weer so gemaak. Hulle was nie by die boekevat nie en sy kinders raas te laat in die nag." Wee die bestuurslid wat een van hierdie "reëls" verbreek, dan is dit sommer 'n deputasie wat die koppe eis.

"Ai", as ons maar net kon kamp deur almal rondom ons in ag te neem. Daar is 'n erekode waarvolgens ons veronderstel is om te kamp. Gaan lees gerus weer jou erekode en kyk of jy nog voldoen aan hierdie kode. Woon jy en jou hele gesin nog die boekevat en Sondagoggend godsdiens by, of stuur jy 'n "afgevaardigde" om die gesin te verteenwoordig. Goeie voorbeeld wat ons stel vir ons kinders.

Bestuur is tans besig om die moontlikheid te ondersoek dat die Kerskamp na die laaste naweek in November of die eerste naweek in Desember kan verskuif word, aangesien so baie kinders besig is met eksamens tydens die Kerskamp.

Ons het tans 'n verskeidenheid looitjies wat gelyktydig aan die gang is. Die fondse wat geïen word gaan vir ons Gebiedskas en die TV looitjie gaan vir die Nasionale kas. Hierdie fondse word natuurlik gebruik om ledegeld en bedryfsfonds so laag as moontlik te hou. Dankie, aan almal wat die afgelope kamp te Gamtoos Ferrie so mildelik looitjies gekoop het. Daar is nog looitjies vir die TV by verskeie bestuurslede.

Laastens net weer 'n herinnering daaraan dat ons vir die AJV moet weet wie gaan kom kamp, aangesien ons twee weke voor die kamp vir die bestuur van Van Stadens moet laat weet hoeveel staanplekke ons nodig het. Indien ons vir te veel staanplekke bespreek gaan ons verantwoordelik gehou word vir die leë staanplekke. Laat weet dus asseblief so gou as moontlik julle bestuurslede indien julle gaan kamp of nie, dit beteken jy moet ook laat weet as jy nie gaan nie.

Hoop om almal van julle by die AJV te sien, al 121 lede.

Johan Steynberg

Redakteursbrief

Die einde van die SAWA jaar het al weer aangebreek, dit is tyd dat ons moet begin kyk wie ons dink die beste gaan wees om vir die volgende jaar op die SAWA bestuur te dien. Die nominasielyste is beskikbaar by u bestuurslede, vra gerus en maak u besluit.



Daar is heelwat gekamp die afgelope paar maande en almal het die kampe, soos gewoonlik, baie geniet. Natuurlik het ons as gesin nie veel kon kamp nie omrede daar ander verpligtinge was wat ons moes na-kom. So het my Ma onlangs 90 jaar oud geraak en was ons almal by haar verjaarsdagpartytjie gewees. Dit is nie aldag dat al jou kinders, skoonkinders, kleinkinders en agterklein kinders so gesellig bymekaar kan wees nie. Watter voorreg was dit nie om deel daarvan te kon wees nie?

Heelwat van ons lede het ook 'n draai in die hospitaal gemaak en ek is bly dat dit weer goed gaan met almal van hulle. Zeldri Strydom moet die 17 de Junie weer hospitaal toe gaan vir verdere behandeling, ons glo dat dit ook goed sal gaan met haar.

Daar is ook verskeie van ons leerders wat goed doen met hul verskeie sporte. Ek dink hier aan die Swanepoel kinders met hul skaak en ook weer aan Mieke Stander wat nou haar SA kleure (senior) gekry het vir hamergooi. Sy gaan Suid-Afrika binnekort verteenwoordig in die sportsoort. Ons het dan ook reeds in die Wapad van Desember 2013 oor haar vorige sport prestasie berig.

Die winterkoue is nou regtig hierby ons. Ons sal maar moet baie sop kook en baie OB's neem vir die kampe om ons warm te hou. Maar 'n SAWANANT is mos nie bang vir 'n bietjie koue nie. Ek glo en vertrou dat ons julle sommer almal op ons volgende kampe gaan sien.

Vir ons skoliere en studente sterkte vir die eksamens en ons glo dat dit sommer met julle almal baie goed sal gaan en dat jy jou mikpunte sal bereik.

Ons het ook verneem dat Aubrey en Trish bedank het as gevolg van persoonlike redes, ons wens hul dan ook sterkte toe met die gesondheid en alles wat oor hul pad mag kom. Julle gaan beslis gemis word op die kampe, veral by die Senior burger gesellighede.

Ek beplan ook dan aan ons volgende boskamp (berig elders in die wapad). Graag nooi ek julle dan om saam met ons deel te wees van hierdie ervaringe.

Groete.

Jan Hugo

Lief

- ♥ Almal wat siek en in die hospitaal was wat weer gesond is.
- ♥ Mieke Stander is verkies die Proteas, om Suid-Afrika in hamergooi te verteenwoordig.

Leed

- ✚ Liana, Poppie, Sandra Wait, Steven Meyer se pa, Markus Pottas, Zelvone Swanepoel, Juandre Hall, Ben Weitz en Zelda Swanepoel het almal 'n draai in die hospitaal gemaak
- ✚ Tommie Hall se Pa is oorlede
- ✚ Oom Gert Scheepers se gesondheid is maar op en af.
- ✚ Zeldri was ook weer in die hospitaal vir behandeling
- ✚ Estelle Ferreira was ook in die hospitaal.

PEARSON PARK 23 tot 25 Mei 2014

Weereens is daar heerlijk gekamp by Pearson Park. Silwerskoon kampeer staanplekke en ablusiegeriewe. Daar was 25 lede van Oos-Kaap wat die naweek kom kamp het.

Saterdagoggend het baie probeer om 'n ou vissie te vang, maar daar was nie veel geluk nie, die muskiete het meer geluk gehad die vorige aand. Janu het natuurlik vir sy vriendin probeer wys hoe jy met 'n gooinet visvang, maar toe trap hy die hele "jetty" mis en beland toe in die heerlike koel water. Die dag was bietjie winderig in die oggend, maar later die dag het alles lekker rustig geraak en was dit selfs warm tot laat in die nag. Die vure het laat-nag nog lekker gebrand.

Ignus Bessinger het die visvang kompetisie gewen met 'n vissie van so 37 cm. Ander noemenswaardige prestasies was Janu met 3 kort springers, natuurlik met die net gevang, en De Wet met 5 vissies wat almal saam amper 50 cm lank was. Ek hoop daar is goeie oefening gedoen vir die groot kompetisie wat by Gamtoos gaan plaasvind.

Sondagoggend het ons die kerkdiens bygewoon by Sondagsrivier gemeente. Na die diens was daar heerlike eetgoed wat deur die gemeentelêde vir ons voorgesit was. Die res van die dag was die lede, wat nie vroeg weg is nie, heerlijk gekuier.

Baie dankie aan almal wat gehelp het om dit 'n heerlike naweek te maak.

Johan Steynberg



Die vangs was maar eina

***“Man sterf toe vlamme woonwa verswelg”
“Seun (10) brand dood in woonwa langs viswater”
“Vrou in woonwa brand dood”
“Woonwa ontplof in buurt, na dit aan die brand geslaan het”***

Net ‘n paar hoofopskrifte uit die media om ons te waarsku dat brande nog steeds een van ons grootste gevare is tydens ‘n kamp.

Volgens wet moet elke woonwa ‘n brandblusser hê maar ek dink dat elke woonwa eienaar ook meer verantwoordelik kan wees tydens kampe en die veiligheid van hul gesinne en mede kampeerders as hul eerste en hoogste prioriteit te stel.

Hier is ‘n paar wenke om te verhoed dat brande moontlik kan ontstaan:

Moet nooit in hoë wind toestand oop vure maak nie.

Moet nooit vure sonder toesig laat nie.

Maak alle vure dood voordat jy gaan slaap.

Maak seker dat jou brand toerusting in goeie werkende toestand is.

Maak seker dat almal in die gesin weet waar die brandblusser gebêre word.

Sit ‘n brand ontruiming plan in plek en oefen dit by kampplekke gereeld.

Vind uit waar die oord se nood brandbestryding toerusting is.

Sorg dat noodnommers bekend is.

Sien jou woonwa se gas toerusting gereed na en maak seker daar is geen lekke.

Ek is seker daar is nog vele meer wat gedoen kan word maar as almal net die basiese dinge doen soos hierbo genoem kan moonlike tragedies verhoed word.

Kamp lekker maar kamp ook verantwoordelik en dit sal altyd ‘n lekker en goeie herinnering wees.



TEGNIES Woonwa Veiligheid

Artikel geskryf deur Andre Erasmus van SAWA Oosvaal en met sy toestemming geplaas in Die Wapad.


Steytlerville Noorspoort April 14



Wanneer jy hierdie vlae sien, weet jy, jy is naby Steytlerville. Dit is een van die groot kenmerke van hierdie skoon en kultuur-bewuste dorpie. Sawanante het egter die dorp oorgeneem gedurende Paas-naweek en wat 'n fees was dit nie.

Sommige se naweek begin al Donderdagmiddag en die ander kom Vrydag aan. Gou-gou het die 12 woonwaens elkeen hulle staanplekkie, en die oordbestuurder kon nie glo dat 12 woonwaens so gemaklik hier inkom nie. Dit is 'n heerlike sonskyndag en nie 'n wolk in sig nie. Die swembad word geniet en verder word daar lekker gekuier onder die groot ou bloekombome. Marie Weitz hou die aand vir ons die Boekevat en die inbetaling word vinnig afgehandel. Die kirie-brigade is deel van die ouetehuis die naweek.

Saterdagoggend hou Jackie en Willie Conradie die Boekevat en daarna word die omgewing besoek. Die dorpie se winkels word vinnig deurgekyk en toe word daar by die bekende Lizzy's Kaia aangedoen. Heerlike roosterkoeke met wors, kaas, tamatie en konfyt word geniet. Die tee word nog in regte fyn teekoppies bedien en ander geniet 'n glasie sap. Dit was nou omtrent 'n belewenis so in die swart woonbuurt. Verder word daar net gerus en gekuier.



Die aand is daar 'n troue in die saal, maar die Sawanante het sommer hulle eie fees rondom die vure geniet. Die Sawanante gee natuurlik baie raad en ondersteuning terwyl die kokke die skape spit vir die troue. Sommige besoek die twee hotelle op die dorp en lang stories word daar gesels. Gelukkig bring 'n skaap hulle veilig by hulle woonwaens terug !!!

Sondagmôre geniet sommige die ontbyt in die hoofhuis. Vars vrugte, yoghurt, pap en natuurlik die eier en worsies asook spek en tamaties-moor word bedien. Die ete word afgesluit met koffie of tee. Dit was omtrent 'n heerlike fees. Daarna hou Jakkie die Boekevat oor die opstanding gebeurte. Die paashaas besoek die kinders en almal geniet 'n paaseier. Die jong klomp pak die piekniekmandjies en gaan braai 'n worsie by die boma. Die res maak vuur en geniet die afval so stoom in die potjie. Intussen word daar ook in die veld rondgery en heelwat bokke word gesien.



Die geriewe is net ver uitmekaar, maar daar is nie eenkeer 'n opeenhoping gewees nie. Die mense het regtig uit hulle pad gegaan om die besoek vir ons so lekker moontlik te maak. Die kinders geniet die

buitelewe en speel saans tot laat nog buite. Dis 'n regte plaas ondervinding. As die bakkie se wiel draai, dan spring die kinders om saam te ry.



Oral in die pragtige tuin is daar hoekies en sitplekkies waar die stilte en natuurprag geniet kan word. Die tuine is pragtig met die lekker swembad daarby. Die vrugtebome lyk so gesond al lyk die aarde maar dor en droog.

Vervolg/.....


...../Vervolg

In die dorp is daar 'n buitelig museum waar ou plaasimlemente uitgestal word. Kan nie glo dat dit so lank al heel daar kon staan nie. Alles lyk skoon en sonder papiere wat orals lê. Hierdie familiewapens is net so deel van Steytleville. Dit is die omtrent die hele dorp deur en is iets besonders van elke familie wat deel van die dorp se geskiedenis is.



Dit was voorwaar weer 'n heerlike Paasnaweek in die binneland. Ons hoop hierdie tradisie gaan steeds voort in die toekoms. Sondag word verder rustig deurgebring. Die aand word die nuwe bakkie ingewy met ballonne en 'n geskenk. Baie dankie aan elkeen wat dit so besonders gemaak het. Dit was omtrent 'n verrassing. (Ja, die Venture het na 20 jaar besluit klaar is klaar.)

Maandagoggend begin almal maar stadigaan oppak. Richard en Poppie hou die Boekevat en daarna vertrek elkeen soos hulle klaar gepak is. So is nog 'n Paasnaweek in die binneland deurgebring en een van die kleiner dorpie is so bietjie deurgekyk. Hoe baie kere word daar maar net deur die dorpie gejaag na die volgende bestemming toe nie. Soms moet 'n mens egter vir 'n wyle stilstaan en so bietjie die geskiedenis oplees en beleef soos Dok Craven se hok een van die rugby legendes van ons land.



Wanneer jy deur die dorp is, en op pad Willowmore toe is, staan die twee motors. Dit is "karoo rose". Wonder hoe ver en hoe baie



het hulle hierdie sementpad Willomore toe gery. Hier het hulle egter hulle laaste rusplek gekry.

Hier is nog 'n wa wat sy laaste rusplek in die tuin op Noorspoort gekry het. Dit is vol blomme geplant en gee beslis atmosfeer aan die plek. So is daar talle ou goed uitgestal wat atmosfeer gee aan die plaas Noorspoort. Julle kan gerus daar 'n draai gaan maak

Baie dankie aan Richard en sy span vir die heerlike naweek. Dankie aan almal wat deel was van die naweek en vir al die lag en saam kuier. Dit gee mens weer krag vir jou taak tot die volgende kamp.

Paasnaweek in die binneland was nog altyd iets besonders.

JOHAN EN JAKKIE

Ons volgende Boskamp 20 & 21 September 2014

Die beplanning vir ons volgende boskamp is reeds ver gevorder, na raad van mede Sawanante het ek op die internet rondgesoek totdat ek besluit het tot Die Bergrivier oord op pad na Hankey.

Ek het die area gaan besoek en was baie vriendelik ontvang deur die eienaars Japie en Dorie Williams, hulle het my ook toegelaat om te gaan kyk hoe die kamp area lyk



Die volgende inligting aangaande die kampterrein.

- Dit is ongeveer 50 km vanaf Port Elizabeth tot by die kampterrein.
- Jy ry op die N2 in die rigting Port Elizabeth—Jeffreysbaai en vat die Hankey (R331) afdraai, na ongeveer 3.5 km op die Hankey pad kry jy die Bergrivier oord afdraai na regs.
- Daarna volg jy die grondpad vir nog ongeveer 2.5km tot by die plaashuis waar jy regs hou tot by die kampterrein.
- Die pad vanaf die Hankey pad afdraai tot by die kampterrein kan nie met n woonwa bereik word nie
- Daar is 'n lapa vir ons gebruik.
- 2 x spoel toiletgeriewe en 2 x storte vir mans asook 2 x spoel toiletgeriewe en 2 x storte vir vrouens
- Vir warmwater sal ons 'n donkie moet stook.
- Daar is 'n klein kombuisie met n yskas binne wat met krag werk,
- Staanplekke is nie uitgemerk nie en jy staan waar jy wil, daar is geen kragpunte by die staanplekke nie.
- Daar is ook beskikbaar; - **2 x Ossewatente**—R130 p.p.p.n slaap 6 per wa, **Rondawel**—R220 p.p.p.n slaap 2, **Houthuis**—R220 p.p.p.n slaap 4 (max R700 vir eenheid), **Kliphuis**—R800 vir eenheid slaap 6 en 'n **Kothuis**—R180 p.p.p.n. slaap 3.
- Daar is drie staproetes van ongeveer 2.5 km, 5 km en 10 km elk, daar is geen 4 x 4 roetes nie.
- Hulle het al 'n groep van 30 kampeer gesinne daar ontvang.
- Die prys is R130 per nag vir 'n gesin van 2 volwassenes en 2 voorskoolse of skoolgaande kinders, ekstra persoon betaal R65 per kop per nag,



Indien julle belangstel om saam te gaan kamp, kan julle my gerus kontak by Sel no 083 990 1106 of per e-mail janhugo55@gmail.com

Groete, hoop om julle almal te sien by ons boskamp.

Jan Hugo

KAAP MIDDELLANDE – MINI PRESIDENTE SAAMTREK 25 TO 28 APRIL 2014 te KEURBOOMS LAGOON



Weereens is daar heerlik gekamp by Keurbooms. Skoon kampeerstaanplekke, netjiese ablusie geriewe en baie warm water. Geen werklike wind om van te praat nie, maar dit is defenitief besig om Winter te word. Die laatmiddae het die kwik gedaal en was die aande bietjie koeler. Lekker lepelle weer geweës.

Daar was 24 lede van Oos-Kaap wat die naweek kom kamp het. Tannie Susan (Pikkewyn) het in haar tent kom kamp en gesê sy kom volgende jaar weer. Heelwat van die lede het eers die Saterdagoggend vroeg deurgery na Keurbooms, wat die “stress” van laat Vrydagmiddag deurjaag verminder het. Dit was ook die geleentheid vir van die lede om by Stormsrivierbrug bietjie uit te span en ‘n ontbyd te nittig. Jammer Stormsrivierbrug se parking was so deurmekaar met die



verbeterings wat aan die kom is by die petrolstasie.

Saterdagoggend het die Gebiedsbestuur bymekaar gekom vir ‘n vergadering en Oom Nico Spaumer (SAWA President) het die vergadering bygewoon. Heelwat veranderinge in die topbestuur van SAWA gaan na die 2014 Kongres plaasvind aangesien daar heelwat bestuurslede is wat aangedui het hulle gaan hulself nie weer verkiesbaar stel nie. Oom Daan Schoeman het ook aangedui dat hy die tuig gaan neerlê as Gebieds-voorsitter aan die einde van die SAWA jaar.

Saterdagmiddag het Sterlizia heerlike “aartappelkrulle” verkoop om die Gebiedskoffer aan te vul. Na ‘n gesukkel met krag, wat as gevolg van die veelvuldige diepbraaiers, afgeskop het, het die ding goed verloop. Dankie Sterlizia vir die heerlike eetgoed, iets wat julle maar weer kan doen. As gevolg van ‘n tekort aan kinders, en die reën wat toe begin uitsak het, kon ons nie met die speletjies vir die kinders voortgaan nie. Boekevat was gehou, deur Oos-Kaap, onder oom Ben se afdak. Saterdagagaand is daar gebraai alhoewel dit elke nou en dan gereën het.

Vervolg/.....

...../Vervolg

Sondagoggend het oom Nico Spaumer die lede voor kerk toegesprek en daarna het Ds. Willie Smith die diens gelewer. Die weer was heerlik en die lede het sommer in die oopte gesit en luister na die diens. Sondagmiddag het Oos-Kaap omtrent 100 jaffels verkoop en Klein Karoo het "honderde" pannekoek gemaak. Wonderlik hoe 'n mens pannekoekdeeg kan rek as die verkope goed gaan. De Wet Steynberg het sy fiets verander in 'n afleweringswa en jaffels gaan verkoop aan lede wat reeds gekoop het. Die Gebiedskoffer is goed aangevul met al die verkope wat gehou is oor die naweek. Dankie aan al die lede wat voorberei het aan die voedsel en ook aan die lede wat gekoop het. Hierdie verkope hou ons bestuursfonds laag. Iets wat my verbaas is hoe tannie Alna driekeer pannekoek kan kom koop en elke keer voor in die ry beland.

Maandagoggend het Oom Ben van Strelizia vir ons boekevat gehou en almal het daarna die heerlike



Johan, Gerrie en Richard besig met jaffels bak, lyk my die manne moes al weer die meeste werk doen.

weer geniet. Daar is golf gespeel by die "duur" plek, lede het swaar verdiende geld gaan spandeer by eetplekke en stalletjies/winkels is in Plettenbergbaai en omgewing gaan besigtig. 'n Paar lede moes Maandagmiddag vertrek, maar die meeste het aangebly tot Woensdag. Dinsdag het van die lede plekke soos "Birds of Eden" en "Monkeyland" gaan verken.

Baie dankie vir almal wat die kamp meegemaak het. Dankie aan almal wat gehelp het, op die een of



Die jaffels lyk darem maar lekker



Alna gaan haar pannekoek geniet.



Hier kuier almal sommer lekker saam

ander wyse, en 'n sukses van die naweek gemaak het. Volgende jaar maak ons weer so.

Johan Steynberg

Lede Indeling

JOHAN STEYNBERG

Stienie Grobler
Flippie & Amanda Kapp
Theo & Mariana Pozyn
Stan & Marguerite Vermeulen

Willie & Martie Gummow
Gerhard & Leonora Moggee
Kobus en Lorenda v Eeden
Anton & Rozelle van Mollendorff

Christo Jonker
Gary & Juliana Oelofse
Elria Stanford

RICHARD HEYMAN

Werner & Charmaine Barnard
Tertuis & Latella du Toit
Reitz & Susie Kruger
Paul & Juanita van Aardt

Johan & Jakkie Barnardo
Casper & Philna Jerling
Charl & Lynette Potgieter
Johan & Petro Slabbert

Morne & Ruth Basson
Anton & Karin Knoetze
Jaco & Elsabe le Roux
Ben & Marie Weitz

LIANA LABUSCHAGNE

Adrian & Brenda Beneke
Kenneth & Lizelle Bothma
Johan & Karen Rautenbach
Johan & Sannie Williams

Gerhard & Michelle Bosch
Adriaan & Christa Viviers
Naas & Corné Terblanche
Theo & Susan van Brouwenshaven

Eddie & Tania Deysel
Dwayne & Anneke Lerm
Gato & Estelle Ferreira
Rudi & Natasja van Tonder

JOHAN VAN VUUREN

Jacques & Salomie Botha
Johan & Sandra Fourie
Ettiene & Michelle Smit
Jacques & Jacqueline Whittle

Freek & Audery Buchner
Auret & Annelie Morton
Theo & Monique Buchner
Roderick & Laura van Wyk

Pierre en Wilma Stander
Warren & Jannine Nance
Werner & Lizelle Visser

ANDY WAIT

Willie & Jackie Conradie
Gert & Luzie Scheepers
Pieter & Bettie Venter
Malcolm & Sandra Wait

Johan & Gessina Vermaak
Germano & Dina Small
Piet Kapp
Danie & Maretha Zeelie

Cecile Meyer
Wouter & Alna Steenkamp-
Leon & Liz von Waltleben-

JAN HUGO

Gerrie & Isabella Bezuidenhout
Hansie & Elna Jonck
Tjaardt & Nelia Snyman
Mario & Michele vd Westhuizen

Cora Brophy
Sakkie & Alida Kinghorn
Elmar & Elsabe Steyn

Louis & Mandy Brophy
Eddie & Rentia Nan
Elsabe Pattinson

TESSA BESSINGER

Bossie & Ronnie Boshoff
Gerrie & Venesa Rens
Johan & Kobie Rossouw
Kallie & Denise Kaltenbrunn

Barend & Lenie Swanepoel
Leon & Marina Renierse
Gerrie & Lorna van Rooyen
Grant & Sonette Willett

Cynthia Didloff
Tobie & Judie Botha
Shaun & Madelyn Victor

ZELDRI STRYDOM

Tinus & Eurika Claasen
Pieter & Elize du Preez
Rassie & Derineé Erasmus
Gerhard & Annemarie Momberg

Duppie & Emsé du Plessis
Arno & Adele Engelbrecht
Markus & Riana Pottas
Gerhard & Paulne Human

Chris & Magda Coertze
Ferdie & Betsie du Toit
Susan Smith
Steve en Ischke Lambrechts

ZELDA SWANEPOEL

André & Jennifer Barnard
Tommie & René Hall
André & Rika Muller
Mario & Vicky Weitz

Christo & Michele Blignaut
Etteinne & Marohessa du Prees
Sieg & Charlene Slabbert
Anton & Theresa Willemse

Ettienne & Zunel Fourie
Steven & Sandra Meyer
Eben Weitz
Louis & Rene Botha

DINA CLAASEN

Chris & Adele Bezuidenhout
Goofey & Elmarie Fouche
Loutjie & Erika Heunis
Eric & Wilna Noack

George & Karin Brand
Frank & Kirsty Fourie
Maruis & Beata v Rensburg
Pieter & Leoni v Rensburg

Benji & Yvette Erasmus
Pierre & Sannett Greyling
Gustav & Janine Nel

Hoe gemaak as die huwelik dit net nie meer vir jou dóén nie? As jy dink aan julle twee en gaap van verveling . . .

"Ek moes dit gesien kom het – ons moes al lankal iets gedoen het aan ons verveeldheid met mekaar!" vertel Leani. Sy was geskok toe Werner aankondig sy gevoelens vir haar is dood en dat hy net nie meer só kan voortgaan in hulle huwelik nie. Sy het gedink hulle was nog eintlik heel okay. Hy het net glad nie meer belanggestel daarin om enige energie in hulle verhouding te plaas nie en het gesê dat hy al vir jare lank ervaar dat hulle soos twee verveelde kennisse weg van mekaar gedryf het. Drie maande later is hulle geskei. Nóg drie maande later het sy gesien dat hy dolverlief met sy nuwe vriendin in 'n restaurant sit en gesels. Allermens verveeld! Leani kon sien hoe energiek en geïnteresseerd hy lyk, sy oë vasgenael op die vrou asof hy aan elke woord van haar hang.

Leani se kop was vol vrae. Wat het dan verkeerd gegaan en waar langs die pad moes sy die rooi ligte sien flikker het? Wat kon sy daaraan gedoen het om hulle verhouding te red? Sê nou maar hulle twee kon die tekens vroeër raaksien en hulle kon weer meer energie in hulle verhouding ingestort het, weer meer geïnteresseerd gewees het in mekaar, met mening in mekaar se oë gekyk het en aan mekaar se woorde gehang het – sou sý nie nou die vrou kon wees wat saam met Werner gesit het en oor die restaurant tafel diep dinge oor mekaar met mekaar kon deel nie?

In die begin . . .

Verhoudings werk só – elke nuwe paartjie is vreeslik opgewonde oor die proses om mekaar te ontdek. Hulle is al twee vreeslik in hul noppies met die ontdekking van hierdie wonderlike maat! Hulle is ondersoekend, belangstellend en geïnteresseerd. Daar word vreeslik baie energie daarin gestort om elke moontlike eienskap van mekaar te leer ken, al twee stel vreeslik belang in die ander een se behoeftes. Elkeen het 'n oorweldigende behoefte om te gee vir hierdie wonderlike nuwe maat. Elkeen het ook baie waagmoed om dinge te deel en luister met belangstelling.

Hulle verskuif emosionele berge, ondersteun mekaar se drome, bou saam aan nuwe drome en ervaar dat hulle dinge saam doen wat nie een van hulle op hulle eie sou kon doen nie. Hulle is absoluut toegewyd aan volgehoue ontdekking van mekaar en vind die hele tyd nuwe maniere van een word en gehag raak. Hulle is aanvanklik heeltemal gemaklik met hierdie prosesse en vind emosionele veiligheid in hierdie avontuur van mekaar ontdek. Hulle is nie bang om dinge van hulself met mekaar te deel nie en vind mekaar heerlike "net-buite-bereik" prooi. Elkeen is vir die ander een vreeslik interessant, stimulerend en hulle dra die hele tyd aan mekaar boodskappe oor wat hoop gee en aanvaarding wys. Saam genereer hulle nuwe betekenis van "lewe".

Êrens langs die pad

Ons aanvaar dat ons verbind is – die "jag" is verby en ons begin wegkruip vir mekaar.

Soos die verhouding groei en die paartjie langer aan mekaar toegewyd is, ontwikkel hulle albei ook die bewustheid dat die verhouding nou in 'n nuwe fase is – hulle is nou aan mekaar verbind en hoef nie meer voor te gee nie, maar het nou 'n groter behoefte om nie net te gee nie, maar om ook te ontvang! Elkeen voel dat hulle wil hê die ander een moet hulle veilig laat voel. Elkeen raak ook meer bewus daarvan dat hulle nou 'n groter behoefte het aan 'n waarborg dat hierdie kosbare verhouding vir ewig sal aanhou. Hulle besef onbewustelik dat die verhouding nie vir altyd só intens sal kan bly nie en begin onseker voel oor hul eie vermoëns om dié wonderlike maat te kan behou – "Hy begin my nou al so goed ken, sê nou maar hy sien ek is nie regtig perfek nie?" Hulle besef ook onbewustelik dat, hoe meer heg die verhouding raak, hoe seerder gaan dit wees as dit tot 'n einde moet kom. "Ek kan nie meer my lewe sonder hom indink nie!"

Nou skop 'n verdedigingsmeganisme in en elkeen wil hoor sy/haar maat sal hulle liefhê vir ewig. Mense begin dan dikwels meer gevoelens van mekaar wegsteek – ons sê nie meer as ons ongelukkig is oor iets nie, probeer ons swakhede wegsteek, deel nie meer ons diepste gevoelens nie. Paartjies deel dan dikwels net dít wat hulle glo vir hulle maats aanvaarbaar sal wees. Elkeen gaan ook in 'n gemaksone in waar hulle minder energie in die verhouding hoef in te sit. Hulle raak gewoond aan mekaar en aan hierdie gemaksone. Die verhouding is nou al kwesbaar en klein struikelblokke kan groot skade aan die verhouding doen op hierdie stadium.

Hierdie vaal sone ontwikkel nie oornag nie. Die rooi ligte van verveeld wees met mekaar flikker al wanneer dinge só lyk:

Die paartjie ontwikkel baie rituele wat nagevolg word uit gewoonte en min vreugde verskaf – alles word voorspelbaar.

Albei stel min belang in die ander een se opinies, behoeftes, drome en gevoelens.

Daar is min motivering om dinge anders te doen.

Albei maak al hoe meer afleidings oor hoe hulle maat dink en voel – eerder as om met belangstelling uit te vra.

Hulle doen min moeite om die ander een opgewonde, gelukkig of tevrede te maak.

Hulle het minder gesprekke oor emosies, dieper dinge, geluk en filosofeer minder oor die lewe.

Die paartjie doen al hoe minder dinge saam wat ten minste een van hulle of albei baie geniet.

Elkeen raak al hoe meer betrokke by ánder dinge – werk, sport, kinders, stokperdjies, TV kyk, alkohol- of middelmisbruik, 'n verhouding met iemand anders.

Vervolg/.....

...../Vervolg

Ernstige verveeldheid

’n Mens behoort in hierdie fase die duidelik flikkerende rooi ligte raak te sien en dit lyk só:

Die paartjie het byna niks meer in gemeen nie.

Niks aan die een verras die ander een meer of maak hom/haar opgewonde nie.

Min dinge word gevier en hulle is oor min dinge saam nostalgies en sentimenteel.

Wanneer die een graag gehoor wil word en tyd of aandag vra, gee die ander een kortaf of weg wysend oppervlakkige antwoorde wat eintlik sê: “Ek stel nie regtig belang nie” of “Moenie emosioneel naby my kom nie”.

Julle doen byna alles as gewoontes op dieselfde manier, altyd heeltemal voorspelbaar.

Julle emosionele of seksuele verhouding stagneer en julle sit min energie daarin.

Dis vir nie een van die twee meer belangrik om die ander een gelukkig te maak of plesier te gee nie.

Saamwees voel vir julle soos harde werk.

Albei wil eintlik graag die hele tyd besig wees met iets anders, eerder as om dinge saam te doen.

Hulle voel oor min dinge soos ’n span.

Een of albei raak betrokke in ’n verhouding met iemand anders.

Is daar raad as julle die rooi ligte van verveeldheid sien flikker?

Die kleinste poging kan baie hoop gee. Hoop skep energie!

Begin by jouself – fokus daarop om jou voorspelbare roetine, voorkoms en uitkyk op die lewe uit te daag en waag om jouself te ondersoek. Waag om soms meer onvoorspelbaar te wees en om te groei. Doen enigiets anders as gewoonlik!

Waag, wees eerlik en deel van jou intieme emosionele gedagtes met jou maat. Praat vir ’n slag oor moeilike onderwerpe soos seks, oud word, alleenwees, jou skoonouers, jou verlore drome . . .

Verras jou maat met iets wat jy weet vir hom of haar plesier sal gee – ’n lekker uitstappie, geskenk, tyd alleen saam, vertel vir mekaar ’n grap, lees vir hom iets wat hom sal laat lag, vryf sy skouers wanneer hy moeg is, wees meer speels in die bed, dra ’n sjampanje glasie met sjampanje of gaskoeldrank aan of steek ’n sterretjie (sparkler) aan . . .

Beplan uitgaan-aande en onderneem om mekaar belangstellend uit te vra oor julle binnekant – wat dink jou maat, hoe voel hy/sy, waaroor droom hy/sy, wat was hulle lekkerste of slegste herinnering waarvan jy dalk nog nie weet nie? Vertel mekaar weer wat is julle beste eienskappe. Vra weer uit oor die detail van iets wat jou maat opgewonde maak – al dink jy jy het al alles gehoor.

Dink weer saam speletjies uit waarvan julle albei hou – fisiese avonture, deel ’n interessante boek of webwerf, behou ’n sin vir humor en lag vir jouself, ’n eenvoudige skattejag, gooi ’n frisbee of blaas seepborrels. Solank julle speelsheid, opwinding en pret ervaar.

Doen moeite om mekaar raak te sien en te waardeer vir wie julle is – vir dinge wat die ander een doen en vir die ander persoon se voorkoms – soek iets in jou maat waarvoor jy weer opregte komplimente kan gee en waarvoor jy waardering kan wys.

Fokus op sensuele voorspel wanneer julle seks het. Spandeer rustig tyd aan mekaar se lywe en bederf mekaar fisies.

Bederf mekaar met iets wat vir die ander een lekker sal wees.

Doen iets saam wat julle nog nooit of lanklaas gedoen het – neem ’n dansles, gaan ’n naweek op ’n huisboot weg, pak ’n avontuur aan, gaan na ’n lewendige musiekvertoning toe, gaan speel by ’n pretpark . . .

As jou maat alleentyd nodig het – gun hom of haar dit met oorgawe en gesels na die tyd oor sy of haar ervaring daarvan.

Gesels oor ’n balans tussen herontdekking van mekaar met belangstelling en opwinding en die gemaklikheid van veilig voel binne julle gevestigde verhouding. Onderneem om tye of geleenthede te skep vir die opwinding en om tye te hê wanneer julle net gemaklik met mekaar kan wees.

Onderneem om periodiek (julle kan besluit hoe dikwels – bv. elke jaar met julle huwelikshedenking) mekaar uit te vra oor hoe opwindend julle jul verhouding ervaar en wat julle kan doen om die vuurwerke weer aan die brand te steek.

Speel, lag, wys waardering en vier die dinge wat vir julle belangrik is en wat van julle twee ’n span maak. Doen dit alleen, saam met die kinders en saam met vriende – herinner ander ook dat julle nog opgewonde is oor mekaar.

Verveeldheid is ’n teken daarvan dat julle mekaar as vanselfsprekend begin aanvaar het en van julle eie emosies en gedagtes oor jul lewe wegstuur – wees wakker en op die uitkyk as die rooi ligte begin flikker. Alle paartjies ervaar ’n afname in die wonderlike belewenis van verlieftheid, maar aan verveeldheid kan daar beslis gewerk word! Baie mense neem nie die besluit om wel te reageer op die waarskuwingstekens nie en laat toe dat hulle verhouding agteruitgaan. Hulle verloor dan alle motivering en kan geen energie in die verhouding insit nie, maar as hulle wel skei en in ’n nuwe verhouding betrokke raak, ontdek hulle skielik dat hulle weer energie het om in ’n splinternuwe verhouding in te sit!

Plaas liever julle energie in julle twee se verhouding. Doen introspeksie, kyk binnekant jouself en woeker met die dinge wat jou weerhou daarvan om ondersoekend, belangstellend en geïnteresseerd in jou maat te wees. Soek dinge in julle verhouding wat dit vir julle weer opwindend kan maak. Praat met mekaar oor wat julle twee kan doen – nou en in die toekoms – om te voorkom dat julle ooit verveeld sal raak met mekaar!

Geskryf deur WILMÉ STEENEKAMP

Gamtoos Ferry Junie 2014

Hierdie naweek was vol uitdagings, water en krag probleme het die hele naweek die Sawanante se geduld behoorlik getoets. Kort-kort sien jy iemand na die ablusieblokke loop met sy eie kanetjie water om darem skoon te maak agter hom. Dankie, vir julle samewerking in die verband, ons weet mos darem ons kan op julle staatmaak.



Voorwaar n pragtige kampterrein met lowergroen grasperke.

Blykbaar word daar elke Junie maand kanaal skoongemaak en dit is vanwaar die waterprobleem van die naweek ons so getref het. SAWA Oos-Kaap se bestuur het reeds vooraf besluit dat ons die Gamtoos kamp sal terugskuif na Mei maand soos dit voorheen was, dit sal dan die probleem met die water oplos. Die Kragprobleme was dan ook buite die beheer van die oordeienaar, aangesien daar probleme by die substasie in Port Elizabeth was wat dan groot dele van die Stad asook die Gamtoos en Patensie area sonder krag gelaat het.



Hierdie manne wag vir die grote maar die visse hier laat hulle nie so maklik vang nie.

Die Bessingers was reeds Woensdag by die Ferry gereed vir die naweek, daar het nog sewe woonwaens Donderdag by hulle aangesluit en hulle kon eerlike ontbyt en tee geniet. Vrydag het die wat nog moes werk stuk-stuk by hulle aangesluit. Saterdagoggend het nog 2 woonwaens bygekom. Ons kon toe 'n volle 38 gesinne lekker saam kamp vir die res van die naweek.

Vervolg/.....

...../Vervolg

Saterdagoggend het die visvangkompetisie reeds agtuur begin., Die vangste was nie veel nie, maar eerste het Gerhard Moggee n "Mullet" kom inmeet wat so 35 cm lank was. Hierdie was vir 'n geruime tyd die vangs van die dag. Daarna het Martin Botha en ons gas van die naweek Arno Munro ook elkeen 'n baber kom inmeet, onderskeidelik 37 cm en 33 cm. Martin het toe die dag met die louere weggestap en die visstok en katrol saam met die trofee ontvang baie geluk aan hom..



Martin ontvang die trofee vir die wen vis.



Arno een van die gaste ontvang dan ook sy prys



Leonora ontvang Gerhard se prys hy was al weer by die water.

Sondag het ons die Erediens by die Loerie NG gemeente bygewoon en ook het elke Pappa daar 'n pakkie met dadelbolletjies ontvang. Die weer het ons toe vir die res van die dag behoorlik laat les opsê. Dit het soms gereën en die wind het behoorlik amok gemaak. Maar weereens het dit nie die SAWANANTE afgesit nie en is daar steeds lekker gebraaï en pot gemaak.



Tanya kry koud en lees maar boek



My kinders kom kuier vir Vadersdag



Andries se Potjie

Maandag het sommige maar gou opgepak om darem by die huis te kom om 'n lekker stort te kon geniet. Die res het nog lekker gebraaï en eers heelwat later opgepak en huiswaarts gekeer.

Baie dankie aan almal van julle wat die kamp meegemaak het, die reëlins het glad verloop en daar was geen voorvalle nie.

Groete

Jan Hugo



Verjaarsdae



Junie

2	*VAN ROOYEN	Monica
3	GUMMOW	Martie
4	CLAASEN	Tinus
4	JERLING	Casper
4	*VAN ROOYEN	Deon
4	*WILLEMSE	Anri
5	*OPPERMAN	Dylan
5	*MORTON	Haylee
6	LABUSCHAGNE	Liana
9	TERBLANCHE	Naas
10	RENS	Vanessa
10	VIVIERS	Adriaan
11	NEL	Gustav
14	NOACK	Wilna
15	BASSON	Ruth
15	VISSER	Lizelle
18	*v BROUWERSHAVEN	Zéne
19	THYSSE	Michelle
19	SCHEEPERS	Gert
20	SNYMAN	Nelia
21	*Basson	*Mornante
21	JONCK	Hansie
21	STRYDOM	Zeldri
23	POZYN	Theo
24	*FOURIE	Alexis
24	VAN RENSBURG	Peter
24	*NEL	Bianca
26	RENS	Gerrie
27	DU TOIT	Latella
28	*KAPP	Sanmari
28	VAN ROOYEN	Lorna
29	VENTER	Pieter
29	HUMAN	Gerhard
30	BRAND	George

Julie

2	CLAASEN	Eurika
2	*CROUS	Sunel
4	KRUGER	Suzie
5	*LERM	Monré
5	STEYNBERG	Alida
7	BARNARD	Werner
8	BÜCHNER	Audery
8	*FERREIRA	Nadia
9	*BOTHMA	Lee-Ann
11	HEUNIS	Erika
11	MATTHYSEN	Johan
11	*VENTER	Attie
13	*JONKER	Jeané
17	BÜCHNER	Freek
19	POTTAS	Markus
21	VICTOR	Shaun
23	NOACK	Eric
25	*CLAASEN	Cayla
25	*CLAASEN	Christo
27	OELOFSE	Gary
27	WAIT	Malcom
29	BLIGNAUT	Chris
31	*POZYN	Monique



JAARPROGRAM : 2013/2014

SAWA Oos-Kaap

**** (7 VAN DIE 9 STREEK SAAMTREKKE TEL VIR 100% BYWONING)**

**** (SB— SENIOR BURG SAAMTREKKE)**



MAAND	DATUM	KAMP	OORD	100 %	KAMPL.
AUGUSTUS	8 – 11	AJV	VAN STADENS	1	Bestuur
AUG/SEPT	30/8 – 2/9	Streek	BESTUURSKAMP		
SEPT	20 – 22	Streek SB	WILLOWS	2	Zeldri
OKTOBER	18 – 20	Mini-Gebied	JEFFREYSBAAI	3	Bestuur
NOVEMBER	15 – 17	Streek SB	VAN STADENS	4	Dina / Jan
NOV / DES	29 - 01	Streek	MANGOLDSPOOL		Liana
JANUARIE	6 – 12	Streek	SUMMERWOOD	5	Zelda
FEBRUARIE	7 – 9	NUB			
FEBRUARIE	14 – 16	Streek SB	WILLOWS	6	Tessa
FEB/MAART	28/2 – 2/3	100+	VAN STADENS		Oos-Kaap
MAART	20 – 23	Streek	CANNON ROCKS	7	Johan v V
APRIL	18 – 21	Streek	PAASNAWEEK		
APRIL/MEI	25/4 – 4/5	Gebied	GEBIEDSAAMTREK		Gebied
MEI	16 – 18	NUB			
MEI	23 – 25	Streek	PEARSONPARK	8	Johan S
JUNIE	13 – 16	Streek SB	GAMTOOS	9	Dina
JULIE	4 – 13	Streek	WINTERTOER		Tjaart
JULIE	18 – 20	Streek	SITRUSOEWER / ADDO		Johan v V/ Richard
AUGUSTUS	8 – 10	NUB			
AUGUSTUS	8 - 10	AJV SB	VAN STADENS	1	Bestuur
SEPT	5 – 7	Bestuurskamp	PINE LODGE		
SEPT	19 – 21	Streek	BOS / JEFFREYSBAAI	2	Jan /
OKTOBER	17 – 19	KONGRES			
OKTOBER	24 – 26	Streek	WILLOWS	3	
OKT/NOV	31/10 – 2/11	NUB			
NOVEMBER	14 – 16	Streek SB	VAN STADENS	4	
DESEMBER	5 – 7	Streek	MANGOLDSPOOL		

SAWA streef daarna om



Vir Afrikaans-georiënteerde kampeerders die geleentheid te bied om binne 'n Christelike konteks, 'n tuiste te bied waar hulle hul beginsels en kultuur kan uiteleef.

- vir kampeerders die geleentheid te bied om saam met geesgenote so bekostigbaar as moontlik te kampeer.
- die belange van SAWA-lede te bevorder deur onderhandeling en samewerking met ander instansies.
- die balans tussen die belange van die mens en die natuur te handhaaf.
- in alles die hand van die Skepper te sien en Hom daarvoor te huldig

SAWA onderskryf die volgende waardes:

Christenskap
Lojaliteit
Respek
Integriteit
Eerlikheid
Diensbaarheid
Verdraagsaamheid

EREKODE



Hiermee verbind ek myself en my gesin tot die Grondwet, asook tot die Reëls en Gedragskode van die Suid-Afrikaanse Woonwa-Assosiasie

Verder verbind ek myself tot die volgende:

1. Ek sal strewe om die Christelike grondslag van SAWA te bewaar en uit te lewe;
2. Ek sal SAWA dien sover ek kan en alles in my vermoë doen om ons Assosiasie uit te brei;
3. Ek sal ons geliefde land se natuurskoon en sy fauna en flora beskerm en bewaar;
4. Ek sal poog om alle openbare geriewe en fasiliteite tot my beskikking so te benut dat ander gaste dit sonder ongerief kan gebruik;
5. Ek sal poog om in alle opsigte hoflik te wees, beleefd op te tree en bedagsaam te handel teenoor alle padgebruikers;
6. Ek sal daarop let om nie deur my gedrag die eer van SAWA te skend nie, maar sal poog om die agting van almal met wie ek in aanraking kom, af te dwing.

Uit die SAWA Webblad